# VENSTER OP DIE STAD[1]

DR GERHARD-MARK VAN DER WAAL
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Pretoria

Ons kyk daagliks na die stad, maar wat sien ons? Dit maak nogal saak wie die 'ons' is wat na die stad kyk en hoe ons kyk, wat ons eie lewensgeskiedenisse èn wat ons uitsigte op die lewe is. Vreemdes sien die stad aansienlik anders as inwoners, veral omdat die omgewing deur besoekers as nuut ervaar word. Die indruk wat stadsburgers het van hulle woonplek word weer beïnvloed deur die gehalte van hulle lewe, byvoorbeeld wat hulle werk, vriendekring en inspraak in die stad se ontwikkeling betref. Maar 'n beeld van 'n stad word ook bepaal deur die geloofswerklikheid van 'n persoon, binne watter raamwerk staan ons omgewing? Is dit neutrale terrein, of ontmoet ons ook daarin ons naaste, dit wil sê, raak ons hom of haar in sy of haar bestaan deur die wyse waarop ons ons stede bou?

Hierdie vrae is relevant vandag wanneer daar opnuut besin word oor die grondslae van ons samelewing Suid-Afrika. Dit gee ook, te midde van alle vraagtekens, 'n geleentheid om saam te stoei oor die beginsels wat ons lewens voor die Here se aangesig moet rig.

Vir 'n christen behoort kritiese vrae immers nie iets vreemds te wees nie, hy of sy staan immers belydend in die lewe. Erkenning van 'n verkeerde pad wat vroeër gevolg is, sal, leer die Bybel, eerder bevrydend as bedreigend werk. Ek wil in hierdie bydrae probeer om enkele van die vrae waarmee ek begin het, tentatief te antwoord – dit is maar een venster, dalk net 'n venstertjie, op die stad.

Stede is deur die magdom van lewensprosesse wat daar plaasvind, meer as een saak – so kan dit byvoorbeeld as 'n 'kunswerk' gesien word, of, beter gestel, as 'n 'visuele uitdrukking'. Algemeen gesproke is die term 'kuns' naamlik so besmet deur sosiaal-ekonomiese konnotasies wat die betekenis van die woord skeef trek, dat daar eintlik net van visuele uitdrukkings gepraat kan word.Om net 'n paar voorbeelde te noem: Kunstenaars word dikwels deur hulle vriendekring 'gemaak', terwyl die Van Gogh's in armoede sterf; pryse van kunswerke word deurgaans deur die handelswaarde bepaal en nie deur die estetiese gehalte daarvan nie; gewone mense geniet 'n soort 'kuns' waarvoor die 'kenners' geen goeie woord het nie, asof met hulle behoeftes geen rekening gehou hoef te word nie. So is daar meer op te noem wat die toets van Bybelse norme nie kan slaag nie.

Daar is daarom plek vir nuwe definisies van dít wat ons tradisioneel 'kuns' noem. Daarby moet ook groter aandag gevra word vir die rol van die toeskouer, die betragter. Kunswerke, of liewer, visuele uitdrukkings, bestaan nie in die lugledige nie.

Wat so 'n uitdrukking beteken hang in 'n groot mate af van die betragter. Hy of sy is die ontvanger van die boodskap, sou kommunikasiekundiges sê. Visuele uitdrukkings is egter meer as net 'n boodskap, hulle word beleef, 'n mens is as totale persoon daarby betrokke. Veral waar dit kom by boukuns, leef 'n mens letterlik in die voorwerp wat betekenis dra. Die resepsie (of ontvangs) van die boodskap vind dus op 'n uitsonderlike wyse plaas. Waar letterkundige boeke en toneelstukke geskoolde resepsie vereis om tot hulle reg te kom, staan geboue sigbaar vir elkeen in die omgewing. Naas taal is die vormgewing van stede (dit strek vanaf beplanningsordonnansies en bevolkingsregulering tot die keuse van die hoogte en kleur van geboue) dan ook die mees publieke van alle menslike uitdrukkingsvorme.

Met hierdie breë, inklusiewe omskrywings in gedagte, wil ek probeer om skerp na ons omgewing in die stad te kyk. Wat het ons tot stand gebring, was dit goed, goed in die sin van goeie werke, soos die Bybel ons dit leer, werke wat ons doen uit dankbaarheid vir die verlossing wat Christus vir ons verwerf het en waardeur ons God en ons naaste dien? Vanuit 'n heeltemal ander verwysingsraamwerk word hierdie vrae ook gestel, daar is aanklagte van radikales. Ons moet hierop antwoorde kan gee.

Die gebruik van die woord venster in die titel van my bydrae wil ek laat slaan op die wyse waarop ons kyk, ons visie. Ek bedoel daarmee nie net die proses van waarneming nie. 'n Mens dink byvoorbeeld ook aan die oordragtelike betekenis van die woord, soos 'siening' of 'beskouing'. Tog lyk dit vir my verstandig om met die gewone begrip 'sien' te begin, want ons het in die stad primêr met 'n ekologiese konsep te doen, dit wil sê, hoe die mens sy omgewing ervaar en wat die aard van die mens-omgewing interaksie is. In die

1 Gewysigde teks van 'n referaat gelewer by die Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis: Verstedeliking as kultuurhistoriese verskynsel, 30, 31 Augustus en 1 September 1990, Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

proses kom ons dan tog uit by die dieper inhoude van die woord 'sien'.

Net twee opmerkings vooraf:

Eerstens, die verskeidenheid maniere om na die stadsomgewing te kyk, wat ek gaan behandel, is nie in 'n volgorde van belangrikheid georden nie, maar dui eenvoudig enkele moontlikhede aan.

Tweedens, in die bespreking van hierdie moontlikhede gaan ek dikwels verwys na die twee breë kategorieë van blanke en swart stedelike gebiede. Ek voel bra ongemaklik daaroor maar doen dit net gerieflikheidshalwe. Bruin- en Indiërgebiede word by laasgenoemde ingesluit. 'n Mens moet tewens in gedagte hou dat so 'n verwysing waarskynlik binnekort geen sin maak nie in die lig van die verwagte afskaffing van die Groepsgebiedewet. Indien hierdie wet verdwyn, sal visuele veranderings in die stedelike omgewing egter eers oor etlike jare sigbaar word – die gebouebesit van stede is nie iets wat sommer oornag verander nie.

Die term kultuurgroep wat ek gaan gebruik het byna dieselfde soort van problematiek. Daar is nie sulke 'groepe' in Suid-Afrika nie (hoogstens groeperings), want geen groep mense het hulleself nog oortuigend as 'n omlynde kultuurgroep beskryf nie. Ek gebruik die term by gebrek aan beter om tussen twee breë kategorieë te onderskei: 'n Westerse leefwyse en een met 'n Afrika-oriëntasie (al is dit deels verwesters).

## 1 RIGTINGS VAN KYK

In die konteks van ons huidige stedelike samelewing is die mees algemene manier om na die stad te kyk lateraal, ons kyk op ooghoogte. In ander tye, soos tydens die vorige eeu, was die laterale blik aangevul met 'n vertikale kykrigting, soos veral geblyk het uit die menigvuldige versierings op die boonste dele van Viktoriaanse stadsgeboue. 'n Mens vind die sterkste visuele appèl in twintigste eeuse stede egter op die ooghoogtevlak, byvoorbeeld in die ontwerp van geboue waar die ingange en vensters die meeste afwerking en aandag kry; die res van die geboue druk slegs massa en tegnologiese kompetensie uit. In interieurs is die ooghoogtevlak meer vanselfsprekend en skilderye word nog altyd op ooghoogte gehang. Ook die handel buit hierdie 'standaardvisie' uit deur advertensieborde op hierdie hoogte te plaas. Daar is verskillende redes vir die laterale blikrigting, waarvan die spoedgedrewenheid van ons lewe waarskynlik die belangrikste is.

'n Spesifieke vorm van laterale visie is die blikrigting van buite na binne en van binne na buite, met ander woorde deur 'n opening in 'n skerm, byvoorbeeld 'n venster. Hierby speel die ervaring van geboue as skuilings en as vertrekpunt vir aksie na buite 'n bepalende rol. Dit verwys na die 'grot'-argetipe wat die hele konsep van 'woon' beliggaam, asook die potensiaal of bedreiging van die 'binne' en 'buite', en die onderskeid van private en publieke domeine.

In vergelyking met die laterale is die vertikale kykrigting veel minder algemeen. 'n Mens kan weliswaar opkyk na geboue vanaf straatvlak, maar dit verg meestal 'n spesifieke impuls, normaal doen 'n mens dit nie. Nog minder is die geleenthede om van bo na onder te kyk. Daarvoor moet jy jou op 'n gebou of koppie, of in 'n vliegtuig bevind. Uiteraard kry maar weinig mense dié geleentheid. In ons land is die grootste deel van die bevolking deurgaans van só 'n indruk verstoke. Mamelodi met sy half miljoen mense is 'n goeie voorbeeld. Die Magaliesberg wat direk daaraan grens, bied 'n goeie uitsig op die woongebied, maar die potensiaal daarvan word glad nie benut nie, waarskynlik as gevolg van die maatreëls van die noodtoestand tot onlangs toe.

Die seldsaamheid van die 'van bo na onder'-kyk het 'n bepaalde effek op die visuele ervaring van 'n stad. Dit beteke naamlik dat heel weinig inwoners hulle woonplek behoorlik op 'n afstand kan bekyk en dus selde of nooit kan oorweeg wat die geheelindruk en kwaliteit daarvan is nie. Die kunshistorikus sal dus met die feit rekening moet hou dat makrobeelde van stede as kulturele skemas nie algemeen funksioneer in die bewussyn van die gewone publiek nie. Hier lê myns insiens 'n konkrete uitdaging vir kunshistorici, naamlik om die bestaande visuele materiaal oor geheelbeelde van stede, soos lugfoto's en kaarte, te populariseer en gemeenskappe van die betekenis van stadsbeelde bewus te maak.

## 2 DIE BETRAGTERS

Hieruit het dit reeds duidelik geword dat visies van die stad nie objektiewe abstraksies is nie. Beelde van die stad word bepaal deur mense en mense het verskillende persoonlikhede en kulturele agtergronde en aspirasies.

Empiriese en fenomenologiese studies van die wyse waarop mense kyk (Canter, Krampen & Stea 1988, Gibson 1979, Tuan 1975, Van den Berg 1972) het waardevolle insigte gelewer oor die faktore wat veroorsaak dat mense verskillende visuele indrukke kry, al kyk hulle na dieselfde saak. Die proses van kyk, word algemeen aanvaar, word gekondisioneer deur al die funksies van die bewussyn, soos denke, gevoel, die sintuie en die intuïsie, en hierdie vermoëns word weer kultureel bepaal. Persone met 'n sterk ontwik-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kelde denke ervaar die stad anders as dié wat die werklikheid gevoelsmatig beleef en weer anders as dié wat dit sintuiglik beleef en dié wat dit intuïtief beleef (Schmidt 1985).

Ofskoon hierdie oriëntasies nie radikaal van aard is nie – almal sien nog steeds die stad – spreek dit wel van 'n diversiteit van fokuspunte in die werklikheidservaring wat veroorsaak dat mense dieselfde gegewe verskillend sien. Gevolglik kan 'n mens nie praat van 'n enkele en homogene beeld van die stad nie.

Kulturele agtergronde speel eweneens 'n bepalende rol in die visuele ervaring van die stad. Persepsiestudies het duidelik bewys dat faktore soos herkoms, opvoeding en plek in die samelewing (soos sosio-ekonomiese status, ouderdomsgroep, ligging en aard van woon- en werkplek), 'n groot invloed het op die ontvangs en verwerking van visuele indrukke (Canter, Krampen & Stea 1988). Dit is inderdaad nie net die kennis waarmee ons toegerus is of ons ouderdom wat 'n rol in die ervaring van die stad speel nie, dit is ook of ons werk het, watter soort werk dit is, waartoe ons verdienste ons in staat stel, of ons gesond of siek, welgevoed of honger is en of ons inspraak het in die bestuur van die stad. Hierdie inspraak is nie beperk tot wel of geen stemreg nie, maar sluit ook die wyse in waarop inspraak kan geskied: Die oorregulering van blanke gebiede enersyds en legitimiteitskrisisse van swart plaaslike owerhede andersyds, maak inspraak tans, binne die huidige opset, geheel en al oneffektief. Die gewone burger het gevolglik weinig belang by die voorkoms van sy stad behalwe om sy pad daarin te vind. Die gevolg van die onbetrokkenheid is dat die kulturele potensiaal van die stadsbeeld nie ontgin word nie.

'n Mens sou egter wel daarop kon wys dat elke mens 'n innerlike behoefte het aan 'wortels', of dit nou bloot van persoonlike aard is (eie verlede as middelpunt) of meer algemeen (en dus kollektief/kultureel). Dit beteken ook dat die wyse waarop inwoners met hul omgewing omgaan – al is dit net om hul pad daarin te vind – steeds 'n aspek van historiese bewussyn in hom dra. Daar is dus 'n aanknopingspunt vir aktiwiteite wat hierdie aspek wil bevorder. Die wyse waarop mense in hul daaglikse bestaan die fisiese werklikheid van die stad sien en ervaar, het moontlik in kulturele studies nog te weinig aandag ontvang. Pogings om die navorsing op dié terrein te populariseer het normaalweg vanuit ons eie, blank en akademiese persepsies en ervaring geskied. Om die relevansie van die vakrigting in die toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing te verseker, sal kultuurhistorici hulle studie ten nouste moet instel op, en aansluit by die leefomgewing van die gewone man, vrou en kind. En die meerderheid van hierdie persone sal oor 'n dekade oorwegend 'n Afrika-agtergrond hê.

## 3 DIÉ WAT BETRAG WORD

Iemand wat na 'n stad kyk, bekyk per implikasie ook die mense wat die stad tot stand gebring het. Suid-Afrikaanse stede, en die geboue daarin, is deur blankes ontwerp en deur swart arbeid opgerig. Die uitsondering is natuurlik die plakkersdorpe wat deur en deur deur swartes gebou is.

Wanneer 'n kulturele groepering (byvoorbeeld die verstedelikte Afrikaner) tot stand bring, projekteer dit sy selfbeeld. Met uitsondering van die plakkersdorpe, het die blanke sy selfbeeld in die totale stedelike omgewing van Suid-Afrika geprojekteer. Wat sê die stadsvorm oor die blanke?

In die eerste plek blyk dit dat die blanke net in sy eie vormgewende vermoëns glo en dit hoër ag as dié van sy medeburgers met ander kulturele tradisies. Verder nog: Hy reserveer vir hom die alleenreg om te ontwerp, ook vir sy landgenote. (Dit geld terloops nie net vir die skeiding tussen blank en swart nie, maar ook vir die skeiding tussen professionele beplanners en die gewone publiek. Hoe weinig inspraak het u, die leser, byvoorbeeld nie in watter projekte deur plaaslike of provinsiale owerhede in u woonbuurt goedgekeur en uitgevoer word nie? Die effek hiervan is dat inwoners hulself as 'n magtelose massa beskou. By swartes is hierdie indruk natuurlik nog soveel sterker omdat hulle geheel en al nie by die vormgewing van hulle gebiede betrokke was nie). Dit is begryplik dat swartes hulle hierdeur besonder moeilik met hul woongebiede kan identifiseer.

Tweedens druk die stedelike ontwerp tot op datum natuurlik die apartheidsdogma uit. Hoe geïntegreerd die verskillende kultuurgroepe ook al daagliks saamwerk in die stad, hulle woongebiede is streng geskei. In die blanke woongebiede is daar ekonomiese integrasie (die huisbediende en tuinhulp), terwyl meeste blankes nooit in die swart woongebiede kom nie. So 'n optrede gee nie uitvoering aan die liefdesgebod jeens ons naaste nie.

Daar is niks wesenliks vreemd aan kultuurgroepe wat verkies om 'n eie gemeenskapslewe in 'n buurt te hê nie, dit geskied orals in die wêreld. Die wetlike afdwinging daarvan bring egter 'n aantal konsekwensies waarvan ek net twee wil noem.:

In die eerste plek spreek dit van 'n berekende ideologiese manipulasie, veral as die swart gebiede tot onlangs minderwaardig en as tydelike arbeidsreservoirs behandel is. Enige vergelyking tussen blanke en swart



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gebiede bring sulke skril teenstellings aan die lig, dat geen blanke dit eenvoudig sal oorweeg om in die swart gebiede te gaan woon nie. Vanselfsprekend laat so 'n behandeling 'n negatiewe beeld van die blanke ontstaan en roep dit indringende etiese vrae op. Dit lê egter buite die bestek van hierdie bydrae om verder hierop in te gaan.

'n Tweede konsekwensie van die apartheidsideologie is dat blankes sowat geen kennis dra van die visuele vorm van die swart gebiede en die lewe daar nie. Ons het nog altyd daarop neergekyk en dié plekke vermy. Waar inligting oor die swart gebiede reeds beskikbaar raak, word dit egter duidelik dat dit tot ons nadeel strek om die gebiede langer te ignoreer: Ons kan baie by dié gebiede leer, sowel wat die wyse van omgang met die omgewing betref as die sosiale lewe.

Om enkele voorbeelde van positiewe eienskappe van die swart omgewings te noem: Die eerste wat 'n mens opval is die menslike skaal, die intensiewe menslike benutting van ruimte en die integrasie van ruimtelike elemente. Dit is 'n visuele en eksistensiële verligting om van die bedrukkende en oorweldigende toringblokke in die middestede tussen die kleinskalige huise van die swart woongebiede te kom. Teenoor die ontoeganklikheid en afstandelikheid van die kantoorgeboue, ervaar 'n mens in die swart gebiede 'n menslike skaal waarmee jy jou kan identifiseer. Op 'n basiese menslike vlak voel 'n mens jou tuis. Verder word alle geboue in dié gebiede intensief en meerdoelig gebruik, en ontbreek die reservering van geboue vir eksklusiewe funksies asook die streng territoriale afbakening waarmee ons in blanke woongebiede ons naaste van ons erf af hou. Selfs kerke en gemeenskapsgeboue word dwarsdeur die werkdag en selfs saans benut. Dit geld ook vir die publieke oop ruimtes in die gebiede, veral strate, wat dwarsdeur die dag, en ook saans, steeds voetgangersverkeer dra. Omdat die erwe so klein en die strate so smal is, dra die gesprekke oor die heinings en oor die strate. Sosiale interaksie is daarom oop, en grotendeels publiek. In dié opsig kontrasteer dit sterk met die sosiale verkeer in blanke gebiede, waar dit veel eksklusiewer, meer gerig en meer beperk is. In dié gebiede word ruimte dan ook veel minder vir sosiale interaksie gebruik en identifiseer mense hul nie maklik met die ruimtes nie.

'n Derde betekenisterrein ten opsigte van die selfbeeld van die blanke soos dit hom uitdruk in die vormgewing van stede, betref die fragmenterende en isolerende dinamiek daarvan. Stede is lewend en grondliggende strukturele eienskappe beïnvloed die proses van die daaglikse lewe. Wanneer stede dus in waterdigte sones vir spesifieke funksies, of tipes van ontwikkeling en benutting, afgebaken is, beteken dit dat die gewone lewe vir dekades volgens die neergelegte patroon gaan plaasvind. Die duidelikste voorbeeld is die reservering van die blanke gebied vir kommersiële en industriële ontwikkeling. 'n Ander voorbeeld hiervan is die sonering van stede in besigheidsgebiede, algemene woongebiede (hoë digtheid), spesiale woongebiede (lae digtheid), industrieel, en dies meer. Hierdie abstrakte verdeling van grond lei inderdaad tot beter beheer, maar in só 'n mate dat die lewe in die stad doodgesmoor word. Die patroon laat dink aan die imperialistiese 'verdeel en heers'-beginsel. Om die eenheidsverbrekende effek van die funksionele fragmentasie op te probeer los, is 'n duur en landhonger verkeersnetwerk nodig om die eilande van die stad met mekaar te verbind. Die roosterpatroon wat vir die straatnetwerk gekies is, in sowel blanke as swart gebiede, verbreek die eenheid egter nog verder. In Suid-Afrika is daar, op 'n enkele uitsondering na, geen stede met konsentriese of radiale strate wat 'n gevoel van samehang kan gee nie. Waar dié uitlegpatroon in woongebiede voorkom, lei die strate dikwels nie na 'n gemeenskapsentrum met owerheids- en sakegeboue nie. Die beeld wat hierdeur van die blanke ontstaan, dui op 'n beheptheid met beheer en regulasies en op 'n verbeeldingarme gees.

Vierdens het die verskillende maatstawwe wat vir die ontwerp en benutting van blanke en swart gebiede hanteer is, ook gelei tot drastiese verskille in die drie-dimensionele vormgewing. Allereers gee die algemene beeld van die twee gebiede totaal verskillende indrukke. Teenoor die blanke stadsdele met duidelike bakens in die vorm van hoë geboue (kantoor- en woonstelblokke en kerkgeboue), is dit in die swart stadsdele net enkele lae kerkgeboutjies en 'n gemeenskapsaal wat die eentonigheid verbreek. Ook bied die blanke woonwyke selfs in die winter 'n digte boomryke aanblik, terwyl groenigheid in die swart wyke yl versprei is. In eersgenoemde is die erwe ook aansienlik groter en kom daar ten spyte daarvan ook nog parke voor, terwyl die enkele oop gebiede in laasgenoemde, waar inderdaad twee tot drie gesinne per erf saamwoon, nie beplant is nie.

Ten slotte het die blanke die studie van Kunsgeskiedenis grootliks vir homself gereserveer en het hy nog maar pas begin om die grense van hierdie vak verskuif. Uiteraard plaas die herbedinking van die wetenskaplike werkterrein die vak in 'n krisis. Maar dit lei geen twyfel dat die vraagstuk in die konteks van 'n nuwe Suid-Afrika aangespreek moet en sal word nie. Dit sal deel vorm van die rekonstruksie van ons samelewing. Die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

huidige eksklusiwiteit van die vak suggereer onder andere dat die blanke hom afsluit van die rykheid van die verweefde samelewing in die daaglikse bestaan. Dit is duidelik dat hierdie isolerende benadering vanweë sy onnatuurlike abstraksie toenemend relevansieprobleme sal ondervind. 'n Fokus op uitsluitlik beperkte seksionele belange het nog nooit aan enige aktiwiteit nasionale status gegee nie. In die lig van die reële hulpbroninkorting by universiteite en museums sal so 'n aksie inderdaad nie lewenskragtig wees nie. Ek dink nie dat ons met Kunsgeskiedenis só 'n toekoms wil ingaan nie.

## 4 NIE-TASBARE EIENSKAPPE

Enige vorm druk betekenis uit en die stad is dus ook 'n manifestasie van nie-tasbare eienskappe soos waardes, norme, tradisies en gedrag. Terselfdertyd moet 'n mens onthou dat die fisiese werklikheid van die mensgemaakte omgewing ook 'n direkte invloed uitoefen op die vorming en uitlewing van hierdie nie-tasbare elemente. Hierdie siening van die stad as manifestasie van die mens se waardes, norme en dies meer, bied opwindende uitdagings vir die kunshistorikus. Met boukuns as mees openbare, toeganklike en permanente visuele uitdrukking, bied studies van die stad geleentheid om 'n beeld van tydperke en kulturele groepe en hulle waardes en gebruike te kry. In 'n konteks van snelle verstedeliking kan die vakgebied dan ook waardevolle bydraes lewer tot 'n beter begrip van die onderliggende dryfvere in die verlede en die hede. Tewens kan dit die positiewe en negatiewe tendense in die verlede uitwys en insette lewer in beleidvorming vir verstedeliking. Daar is tans 'n groot behoefte aan sulke riglyne.

Met 'n paar voorbeelde kan die studie van nie-tasbare betekenisse van die mensgemaakte omgewings geïllustreer word:

Tipies Westerse stede druk basies mag uit. In die eerste plek domineer die stad die landskap en vloei die woongebiede oor koppies en deur vleie. Selfs in Kaapstad met sy Tafelberg bestorm diestad die landskap, en hoeveel natuurlike bome het daar in ons middestede oorgebly? Middestede en woonwyke konstitueer nuwe landskappe; ook bekend as stadskappe of kultuurlandskappe.

Tweedens dring die hoë geboue ook die ruimte bo die stad in. Hoë torings was in die geskiedenis aanduidings van gesag, byvoorbeeld van die kerk of die koning. As die handel dié vorm vir homself toe-eien, druk dit die dominansie van die geldmag uit. Die magsuitdrukking blyk verder uit die ruimte waarop die blanke stede beslag lê – dit kan as niks anders as 'n ongebreidelde landhonger beskryf word nie. Hier dink 'n mens veral in terme van die groot stukke land wat vir die padnetwerk opgeëis word en die woonwyke wat deurgaans een huis per erf bevat, soos 'n villa op 'n landgoed. Ons het reeds gesien dat sowel die publieke oop ruimtes as die private ruimtes kultureel, ekonomies en sosiaal onderbenut word en hierdie onderbenutting impliseer 'n simboliese funksie, naamlik om die mag van besit (investering in territoriale indikators) uit te druk. Ten spyte van die permanensie van die strukture in blanke stede, soos geboue en ander vaste voorwerpe – wat juis ook in hulle permanensie mag uitdruk – word daar egter 'n duur prys voor betaal: Dit maak weinig voorsiening vir 'n ryk kulturele en sosiale lewe. Dit is in feite verbeeldingloos deur die strak regulering en die prioriteit wat die verbruikersmentaliteit geniet. Die lewe in die woongebiede is daarom gefragmenteerd, geïsoleerd en sonder opwinding.

Vanweë die geïsoleerde hantering van die swart stedelike gebiede word 'n mens uitgenooi om hulle met met blanke gebiede te vergelyk. Swart stedelike gebiede druk duidelik onderworpenheid uit. Ofskoon die kultuurlandskap ook oor die vlaktes vloei, lê dit meestal laer as die blanke gebied. Dit is net in Natal waar die bebouing teen en oor koppies strek. Die klein skaal van die bebouing gee egter nog steeds erkenning aan die oorspronklike vorm van die landskap.

Tweedens bevat die woonwyke geen hoër fokuspunte of bakens nie en kan 'n mens jou moeilik oriënteer in die oënskynlike eenvormige massa van ry op ry van dieselfde huise. Hierdie gebrek aan rigtinggevoel veroorsaak 'n indruk van magteloosheid. Dit is nie ter sake dat die inwoners self wel hulle pad kan vind nie – dit is nodig vir oorlewing.

Derdens blyk dit dat teenoor 'n oorvloed aan publieke en privaatruimte by blanke gebiede, daar 'n groot tekort aan dié soort ruimte is by swart gebiede. Pleine ontbreek en slegs in die mees ontwikkelde gebiede kom parke voor, wat dan meestal uit 'n kaal sokkerveld bestaan. Tewens is daar 'n nypende tekort aan privaatheid. Huise is oorvol en daar is nouliks sprake van 'n privaat huwelikslewe en plek vir kinders om hulle huiswerk te maak. Ongetwyfeld versterk hierdie wyse van behandeling die indruk van 'n mindere menswaardigheid van die inwoners van dié gebiede, asof hulle geen behoefte het aan geriewe wat wel in die blanke gebiede voorsien is nie.

Ten slotte gee die eindelose herhaling van klein identiese huisies natuurlik die indruk dat die bewoners geen individualiteit het nie. Dit was oorspronklik die geval, maar die teenoorgestelde is vandag waar, veral as 'n mens nagaan by hoeveel huise daar op 'n verbeel-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

dingryke wyse aanbouings aangebring is en hoe ryk die sosiale lewe in die gebiede is.

## 5 KONKLUSIE

Samevattend wil ek enkele slotopmerkings maak:

'n Relevante Kunsgeskiedenis in Suid-Afrika wat ook eties regverdig is, sal sy werkterrein inklusief moet sien ten opsigte van die bestaanswerklikheid van die totale bevolking in die land. Dit beteken in die eerste plek dat sowel blanke as swart visuele manifestasies ondersoek moet word. In die lig van die geweldige agterstand op hierdie terrein ten opsigte van swart gebiede en die groei wat daar gaan plaasvind, sal daar waarskynlik heelwat aandag aan dié gebiede gegee word.

Verder beteken 'n inklusiewe benadering ook dat aan die behoeftes van die bevolking as geheel voldoen moet word. 'n Vakgebied wat relevant is, geniet erkenning vir sy bydrae oor 'n breë terrein en nie net in akademiese kringe nie. Ons sal dus naas die bevrediging van Westerse en elitistiese behoeftes ook moet kyk na die behoeftes van die gewone man, vrou en kind op straat, wat ook al die aard is van sy of haar kulturele uitlewing. 'n Versnelde verstedelikingsproses impliseer 'n toenemend uitbreidende leserspubliek en oor enkele jare sal daar meer swart as blank geletterdes wees. By dié publiek sal daar ook 'n behoefte wees aan die blootlegging van kunshistoriese wortels. Daar is dus die uitdaging om 'n werklik Suid-Afrikaanse Kunsgeskiedenis te ontwikkel wat ook in wêreldkonteks 'n eie plek kan verwerf.

'n Tweede faktor wat hiermee verband hou, is die outensiteit van kunshistoriese navorsing. Die lewe is geïntegreerd en die vakgebied kan dit nie langer bekostig om kunsmanifestasies te bestudeer asof net blankes by die daarstelling daarvan betrokke was nie. Hierdie is nie net 'n wetenskaplik-etiese probleem nie, maar ook een van relevansie. Deur erkenning te gee aan die breë betrokkenheid van mense word die studie-onderwerp ook vir 'n groter groep interessant en die moeite werd om van kennis te neem.

Hierby kan ook gedink word aan die bydrae wat kunshistoriese studies oor die kultuuruitings van swart stedelinge kan maak tot 'n begrip van die Suid-Afrikaanse stad en tot interkulturele kommunikasie. Hierdie kommunikasie is tans nog uiters beperk. Kunshistoriese studies is besonder geskik om beter lig op die lewenswerklikhede te werp en geslote terreine toegangklik te maak. Dit sal dalk goed wees as daar in hierdie verband 'n gesprek ontstaan tussen kultuurhistorici en antropoloë.

Derdens sal die navorsing daarby baat as die kunshistorikus, naas die nodige argiefwerk, sy veilige kantoor verlaat en sy studie in die harde werklikheid van die stadslewe gaan uitvoer, saam met die mense wat deur die studie geraak word. Die ervaring het reeds uitgewys dat studies in swart gebiede nie suksesvol op 'n ander wyse onderneem kan word nie (Coetzee 1989). Die voordele wat dié metode inhou vir die wye insameling van inligting, die betrokkenheid van geïnteresseerdes by die beplanning en terugvoer, en die verspreiding van die resultate, suggereer dat dit met vrug ook in die blanke konteks benut kan word. So 'n werkswyse dien as 'n deurlopende toetsing van die relevansie van die projek wat onderneem word.

Ten slotte bied kunshistoriese studies oor die stad besondere geleenthede vir gemeenskapsontwikkeling. Sowel in blanke as in swart gebiede is daar 'n vervreemdingsproses van mense onderling, van die geskiedenis en van die omgewing. Deur die vermaterialisering van die lewe weet mense deurgaans nie eers meer dat hulle 'n behoefte het aan geestelike kontak en kennis van hulle historiese wortels nie. Kunshistoriese studies kan 'n wesenlike bydrae maak tot die kweek van meer positiewe waardes soos naasteliefde, wedersydse respek en die opneem van verantwoordelikheid vir die omgewing.

Verder kan daar vanuit die vakgebied inisiatiewe kom om gemeenskapsentrums te ontwikkel, wat voorsiening kan maak vir vergaderfasiliteite, 'n biblioteek, 'n museum, 'n kliniek en dergelike meer; 'n sosiale en hulpbronsentrum wat 'n dinamiese rol in plaaslike gemeenskappe kan speel.

As Christene glo ons dat ons God en ons naaste moet dien. Dié stuk belydenis moet ons ook konkretiseer in die ondersoek wat ons doen as mense met 'n wetenskaplike opleiding, of ons nou 'n stadsbeplanner is of 'n kunshistorikus. Ons het die taak om op 'n regverdige wyse, met 'n inspirerende visie op die toekoms deur ons vakarbeid 'n bydrae te maak tot die samelewing waarin God ons geplaas het. Ons moet dit ook doen as ons die verskynsel van stede in kunshistoriese verband in Suid-Afrika bestudeer.

## BRONNELYS


Canter, D. 1977. *The psychology of place*. London: Architectural Press.

Canter, D., Krampen, M. & Stea, D. 1988. *Environmental perspectives. Aldershot: Avebury.*

Coetzee, J.K. (ed). 1989. *Development is for people*. Johannesburg: Southern Books.

Gibson, J.J. 1979. *The ecological approach to visual perception*. Boston: Houghton Mifflin.

Jordaan, W. & Jordaan, J. 1987. *Man in context*. Johannesburg: Lexicon.

Knox, P.L. 1982/3. Symbolism, styles and settings. The




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

built environment and the imperatives of urbanized capitalism. *Architecture and Behaviour*, 2: 107-122.

Lee, T.R. 1978. Cities in the mind. In: Herbert, D.T. & Johnston, R.J. 1978. *Social areas in cities. Processes, patterns and problems*. Chichester: Wiley: 253-281.

Schmidt, L. 1985. *Kreatiwiteit. Struktuur, proses en konteks*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Shweder, R.A. & Le Vine, R.A. 1984. *Culture theory. Essays on mind, self, and emotion*. Cambridge: Cambridge University Press.

Tuan, Y-F. 1975. Place: An experiential perspective. *Geographical Review*, 65(2): 151-165.

Van den Berg, J.H. 1972. *Zien. Verstaan en verklaren van de visuele waarneming*. Nijkerk: Callenbach.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services